

417.3 (25/1)

Contact "Dag"

VOORLOPIGE ONDERSOEK NA INFORMELE VESTIGING IN STELLENBOSCH

**DEPARTEMENT BEPLANNING EN ONTWIKKELING
MUNISIPALITEIT STELLENBOSCH
FEBRUARIE 1993**

1. INLEIDING

Die proses van verstedeliking skep 'n vraag na toepaslike behuising vir mense wat na die stedelike gebiede trek. Diegene wat nie behuising kan vind wat hulle sak pas nie het die keuse om akkommodasie met ander te deel of om skuilings van hul eie op te rig. Die tekort aan formele behuising en die omvang van oorbevolking in bestaande woongebiede is sodanig dat die ontwikkeling van informele nedersettings onafwendbaar is.

Sedert 1983 is die Staat besig om stelselmatig te ontrek aan die voorsiening van behuising en die verantwoordelikheid oor te skuif na die privaatsektor. Alhoewel dit aankaar word dat 'n wye spektrum behuising voorsien moet word om die verskillende vlakke van bekostigbaarheid aan te spreek, voorsien die privaatsektor nie behuising wat die armste mense in die gemeenskap pas nie. Die privaatsektor se vermoë om dit te doen word aan bande gelê deur 'n aantal faktore soos onder andere die beskikbaarheid van goedkoop grond, die beskikbaarheid van finansiering en ontoepaslike standarde.

Die ontwikkeling van informele nedersettings is nie 'n proses wat uniek aan Suid-Afrika is nie. Dit vind oral in die Derde Wêreld plaas. Dit regverdig nie die onvoorwaardelike aanvaarding van die proses nie, maar duï daarop dat informele nedersettings aanvaar moet word as 'n belangrike en permanente komponente van die residensiële sektor en dat die hoofrolspelers op 'n positiewe wyse betrek moet word.

Belangrike aanvoerwerk en navorsing is reeds op die gebied van informele behuising gedoen en die Departement Beplanning en Ontwikkeling van Stellenbosch Munisipaliteit is nie van voorneme om die wiel oor te ontwerp nie. Derhalwe gaan daar in hierdie verslag tot 'n groot mate gesteun word op dokumentasie van instellings en organisasies wat op hierdie terrein werkzaam is. Hierdie dokumentasie kan beskikbaar gestel word aan enige persoon wat 'n meer volledige studie van die onderwerp wil maak.

Die doel van hierdie verslag is nie om met kitsoplossings vir die probleem van plakkery of lae koste behusing vorendag te kom nie, maar om die tafel te dek vir 'n beplanningsproses waar verskillende moontlike strategieë met die gemeenskap onderhandel kan word en wat hopenlik sal uitloop op oplossings waарoor daar algemene konsensus bestaan.

In die lig van 'n gebrek aan inligting oor die informele bewoners in Kaya Mandi, was die Departement genoodsaak om te kyk na die bevindings van studies wat die Stedelike Stigting in die PWV en die RGN in die Hottentots-Hollandkom gedoen het. 'n Soortgelyke studie ten opsigte van die informele bewoners in Kaya Mandi sal natuurlik steeds van groot waarde wees in die toekomstige beplanning vir lae ksote behuising.

In hierdie verslag word daar derhalwe eerstens gekyk na die bevindings en uitgangspunte van die Stedelike Stigting, die ANC en die RGN na aanleiding van intensiewe studies wat onderneem is. Tweedens word die situasie in Kaya Mandi deeglik ontleed na aanleiding van die Struktuurplanondersoek van Makroplan en derdens word daar kortlikks gekyk na grondbeskikbaarheid in en rondom Stellenbosch.

2 BEVINDINGS EN UITGANGSPUNTE VAN DIE STEDELIKE STIGTING

Bron: Policies for a New Urban Future : Informal Housing : Part 1 - The Current Situation, Augustus 1991.

2.1 Bevindings uit die PWV - studie (Oktober 1987 - Maart 1990)

- Die volgende statistieke is besonder insiggewend:

- Bykans 60 % van die totale aantal wonings vir Swartes is informeel. Hiervan is 86 % agterplaasstrukture of buitegeboue en die res strukture in vrystaande nedersettings (groeperings informele strukture wat op vakante grond in en om formele dorpe opgerig is).
 - Die totale aantal strukture in vrystaande nedersettings in die PWV het toegeneem van 28 500 in November 1987 tot 49 200 in die laaste maande van 1989. Die bevolking in hierdie areas het met 300 % toegeneem oor 'n tydperk van twee jaar.
 - Huishoudings in vrystaande nedersettings het in 1990 'n gemiddelde maandelikse inkomste van R450 verdien. Hierteenoor was die gemiddelde maandelikse inkomste van huishoudings in agterplaasstrukture en buitegeboue R750 en dié in formele huise R900.
 - Die maandelikse spandering op akkommodasie van huishoudings in vrystaande nedersettings was R1,00 teenoor R36 van dié in agterplaasstrukture.
 - Tussen 1987 en 1989 is daar in terme van werklike getalle meer informele strukture in agterphase opgerig as in vrystaande areas.
- (b) Die volgende belangrike gevolgtrekkings spruit uit die studie voort:-
- Om inwoners van informele nedersettings te brandmerk as 'n werklose, polities - onstabiele en parasitiese groep wat van die platteland na die stede gestroom het, veral ná die afskaffing van instromingsbeheer, is moontlik in sekere gevalle geldig, maar die *werkliekheid is baie meer kompleks*.
 - Verder is die beeld van 'n algemene toestand van armoede vals. Daar is inderdaad 'n *duidelike sosio-ekonomiese hiërargie* onder die PWV se informele behuisingstypes (agterplaasstrukture, vrystaande skuilings en buitegeboue). Die laagste sosio-ekonomiese vlakte word by die inwoners van vrystaande skuilings gevind.
 - Van al die inwoners van informele nedersettings in die PWV is 49 % in die PWV gebore en in verdere 22 % in ander stedelike gebiede. Altesamen 72 % van die informele bewoners woon vir tien jaar of langer in die PWV.
 - Daar is egter tekens dat 'n groeiende aantal bewoners van informele behuising in die PWV nuwe in-migrante is.
 - Die belangrikste redes waarom mense in informele toestande woon is *behuisingstekorte, bekostigbaarheid en 'n begeerte na ruimte en selfstandigheid*. Die feit dat die meeste informele nedersettings naby groot werksplekke voorkom beklemtuur die belangrikheid van *nabyheid aan werksgeleenthede*.
 - Alhoewel huishoudings in informele behuising oor die algemeen 'n laer inkomste het as dié in formele behuising, is dit opmerklik dat die *vlakke van werkloosheid* nie hoër is in die informele areas nie. 23 % van die steekproef in die ouderdomsgroep 18 - 65 in formele behuising het aktief werk gesoek teenoor 21 %, 20 % en 16 % in agterplaasstrukture, vrystaande skuilings en buitegeboue onderskeidelik. Daar kan dus geargumenteer word dat informele bewoners tot 'n groot mate deel van die stedelike ekonomie is.

- Soos by sosio-ekonomiese vlakke is daar 'n duidelike hiërargie in die *onderwys- en bekwaamheidsvlak* sigbaar onder die PWV se informele behuisingsstypes. Die hoogste vlakte van ongeskooldheid word by die inwoners van vrystaande skuilings gevind (41 % van hierdie inwoners wat wel werk het is ongeskoold). In teenstelling met die persepsie dat informele bewoners 'n eenvormige verarmde gemeenskap is wat op die kant van die stedelike ekonomie leef, is die informele bevolking net so heterogeen en ekonomiesgeïntegreer as die formele bevolking. Die belangrikste verskille tussen die informele en formele bevolkings lê in onderwys-, bekwaamheid-, beroeps- en inkomstevlakte.
- (b) Alhoewel die bevindings van die PWV-studie nie in die algemeen op ander gebiede in die land toegepas kan word nie, is die bevindings ten opsigte van die oorsprong van informele bewoners en die relatiewe armoedevlak van die inwoners in vrystaande nedersettings waarskynlik algemeen geldig.

2.2 Belangrike uitgangspunte van die Stedelike Stigting

- (a) Dit is belangrik dat die krisis-gedrewe selfhelp-pogings van huishoudings wat desperaat is om 'n dak oor hul kop te kry *nie geromantiseer word nie*. In baie gevalle word daar grootskaalse ontbering ondervind in die lig van struikelblokke soos onsekerheid oor eiendomsreg, 'n gebrek aan finasiering en die afwesigheid van basiese tegniese advies en bystand. Aan die anderkant is dit so dat informele behuising 'n konstruktiewe antwoord op die behuisingskrisis in Suid-Afrika is.
- (b) 'n Belangrike kenmerk van informele nedersettings is die algemene *gebrek aan mag en kwesbaarheid* van die inwoners. Hulle is dikwels uitgesluit van formele politieke en sosiale stukture en hul belangte is swak verteenwoordig.
- (c) Die verskynsel van informele nedersetting word ernstig benadeel deur veelvoudige bronne van *potensiële en werklike konflik*. Dit is daarom van kritieke belang dat die politieke konteks van informele vestiging in ag geneem word en dat mechanismes vir konflikhantering ondersoek word. Konflik manifesteer op ses terreine:
 - Konflik tussen faksies binne die informele nedersettings;
 - Konflik met formele woongebiede;
 - Konflik met hostellbewoners;
 - Konflik met hoë inkomste bure;
 - Konflik met owerhede; en
 - Konflik tussen owerhede en hoë inkomste iwoners.
- (d) Formele behuisingsprogramme kon nie daarin slaag om huise te voorsien teen die skaal en tempo wat vereis word nie. Die huise wat voorsien is, was meestal te duur vir die mense wie veronderstel was om dit te bekom. Verder het geen *enkele* sektor die hulpbronne om die behuisingsagterstand en toekomstige vraag aan te spreek nie.
- (e) Informele behuising is 'n *belangrike en permanente* komponent van die residensiële sektor. Beleid en standpunte wat geskoei is op die *formele* huisvesting van al of die meeste van hierdie mense sal tot 'n vergelyk moet kom met die skaal en werklikhede van die probleem.

- (f) Gemeenskapsdeelname is 'n essensiële komponent van die soekte na oplossings vir die behuisingsvraagstuk. In hierdie beplanningsproses is dit belangrik dat gemeenskappe (veral informele gemeenskappe) effekief georganiseer word met die oog op deelname.

3 BEVINDINGS EN UITGANGSPUNTE VAN DIE ANC

Bron: A Summary of the proceedings of the Housing Workshop hosted by the ANC-Department of Economic Policy, Soweto, September 1991.

3.1 Definiëring van behuising en die elemente daarvan

Daar is twee maniere om na die begrip "behuising" te kyk:

- Dit kan as 'n *fisiese produk* gesien word, ruimtelik gevestig, 'n kommoditeit wat vir wins verkoop word; of
- dit kan as 'n *proses* gesien word wat verskeie fasette het en verskillende betekenisse vir verskillende mense inhou.

As behuising as 'n proses gesien word, kan dit die volgende inhou:

- (a) Behuising behoort aan die bewoners 'n gevoel van *sekuriteit* en *permanensie* te bied, met ander woorde dat hy/sy nie forseer sal word om te skuif nie. Dit kan op verskeie maniere bewerkstellig word - nie noodwendig net deur eiendomsbesit nie.
- (b) 'n Persoon moet weet dat hy/sy die *koste van behuising* kan bybring, veral diegene wat ongerekeld inkomste ontvang. Nadat 'n persoon vir sy behuising betaal het, moet daar nog genoeg geld beskikbaar wees vir basiese behoeftes soos kos en klere.
- (c) Behuising moet *toereikende skuiling* en *behoorlike geriewe* soos water, sanitasie en energie verskaf op so 'n wyse dat dit nie die inwoners forseer om op noodaaklike middelde soos kos terug te sny nie.
- (d) Die *ligging* van 'n persoon se tuiste in verhouding tot sy werkplek en die koste van vervoer is kritiek vir so 'n persoon se oorlewing, veral diegene wat nie 'n vaste inkomste verdien nie. Toegang tot opvoedkundige, kulturele en ander gemeenskapsfasilitete is ook baie belangrik.
- (e) Daar behoort 'n gevoel van trots en bevrediging by mense te wees ten opsigte van die plek waar hulle woon.
- (f) Behuising behoort as 'n *belegging* deur die inwoners gesien te word.
- (g) Behuising speel 'n belangrike rol in die "*empowering*" van gemeenskappe in die ontwikkelingsproses. Dit gebeur deur mense wat saamwerk op behuisingskwessies en die opbou van sterk gemeenskapsbaseerde organisasies.
- (h) Behuising kan 'n middel wees in die *herstrukturering* van apartheidsdorpe en - stede - om die arm deel van die bevolking nader aan die sakegebiede en werkplekke te bring en om die mense se toegang tot die hulpbronne van dorpe en stede te verbeter.

Aangeheg as **AANHANGSEL 1** is 'n direkte uittreksel uit genoemde dokument wat die *elemente van behuising* uiteenstel. Die vrae wat hier gevra word kan as 'n "check-list" dien wanneer beplanning vir laekostebehuisung gedoen word. Dit behoort ook op gesamentlike forums waar behuisingskwessies bespreek word, aangespreek te word.

Aangeheg as **AANHANGSEL 2** is 'n verdere direkte uittreksel uit genoemde dokument wat die verskillende moontlike tipes behuising uiteensit en kortlik ontleed.

4 BEVINDINGS EN UITGANGSPUNTE NA AANLEIDING VAN DIE HOTTENTOTS-HOLLANDKOM STUDIE

Bron: Squatting in the Hottentots Holland Basin : Perspectives on a South African Social Issue, RGN, 1992

4.1 Oorsprong en oorsake van informele vestiging in die Hottentots-Hollandkom

Daar word algemeen aanvaar dat die enorme toename in informele behuising in die Hottentots-Hollandkom 'n direkte gevolg is van die opheffing van instromingsbeheermaatreëls en dat die meerderheid van die inwoners vanaf onafhanklike state soos die Transkei en Ciskei kom. Die studie het egter getoon dat bykans twee-derdes van die persone wat ondervra is, in die Hottentots-Hollandkom gewoon het voordat hulle in informele nedersettings inbeweeg het. Die studie het die volgende bevind:

- (a) 52 % van die informele bewoners is in die Transkei, Ciskei en Oos-Kaap gebore, 33 % in die Wes-Kaap en Kaapse Skiereiland (uitgesonderd die Hottentots-Hollandkom) en 14 % in die Hottentots-Hollandkom. Die meerderheid van die mense wat buite die Hottentots-Hollandkom gebore is, het egter eers na ander plekke in Kom getrek en vir 'n tyd lank daar gewoon voordat hulle in hul huidige woonplek ingetrek het. Slegs 9 % kom *direk* van die Transkei en Ciskei.
- (b) 52 % van die informele bewoners woon reeds vir langer as vyf jaar in die Hottentots-Hollandkom en 31 % vir langer as tien jaar. Die gemiddelde tyd wat hierdie mense in die Kom woon is 9,4 jaar. Hierteenoor woon slegs 15 % van die informele bewoners vir langer as vyf jaar in die informele nedersettings en is die gemiddelde tyd wat die mense daar woon slegs 3,9 jaar.
- (c) Alhoewel migrasie van informele bewoners *na* die Hottentots-Hollandkom na 1985-86 toegeneem het, kan hierdie toename nie die fenomenale groei in informele nedersettings gedurende die afgelope drie tot vier jaar verklaar nie. Anders gestel beteken dit dat die groei van informele nedersettings nie op sigself 'n akkurate aanduiding is van instroming na die Hottentots-Hollandkom nie, of van verstedeliking *per se* nie.

4.2 Redes vir informele vestiging

- (a) Ekonomiese of werkverwante kwessies het 'n groot rol gespeel in mense se keuse om informeel te vestig. 41 % van die mense wat ondervra is het hulle vorige woonplek verlaat as gevolg van redes soos afdankings, werkloosheid, swak besoldiging en afstand van werkplek.
- (b) Die ander hoofredes wat aangevoer is, is akkommodasieverwant. 50 % van die informele bewoners het redes aangevoer soos gebrek aan akkommodasie, uitsetting, familie-verwante probleme, oorbewoning, deur wet verplig om te skuif, gebrek aan privaatheid en onaangename/onveilige buurt.
- (c) Die belangrikste redes waarom mense 'n spesifieke informele nedersetting gekies het om in te woon is die volgende:

- | | |
|---|--------|
| - Geen ander heenkome | (36 %) |
| - Naby familie en vriende/beter toestande | (23 %) |

- Op soek na werk/naby werkplek (12 %)
- Wil onafhanklik weees/eie plek besit (9 %)

Interessant is dat slegs 8 % die plek gekies het omdat hulle daarvan of van die mense gehou het. Nog meer interessant is dat slegs 2 % bekostigbaarheid van informele behuising as hoofrede aangevoer het.

- (d) 61 % van die informele bewoners het aangedui dat hul huidige akkommodasie in 'n informele nedersetting 'n verbetering is op hul vorige akkommodasie. Slegs 28 % het dit as 'n stap agteruit gesien.

4.3 Ekonomiese profiel

- (a) 31 % van die ekonomies-aktiewe deel van die informele bevolking is werkloos. Dit dui daarop dat die werkloosheidskoers onder informele bewoners nie beduidend verskil van dié onder formele bewoners nie. 60 % van die ekonomies-aktiewe bevolking werk in die *formele sektor*. Dit laat slegs 9% wat in die informele sektor werkzaam is.
- (b) Van *al* die inwoners-
- werk 25 % in die formele sektor;
 - werk 7 % in beide die formele en informele sektor;
 - werk 5 % in die informele sektor;
 - is 7 % huisvroue;
 - is 16 % werkloos; en
 - is 38 % skoolgaande ouderdom of jonger.
- (c) Die belangrikste tipes werk wat deur die informele bewoners gedoen word is huishulp/char/skoonmaker (28 %), tuinwerker (13 %) en algemene werksman/handlanger (16 %). 90 % van die mense werk in die Hottentots-Hollandkom.
- (d) Die gemiddelde persoonlike inkomste van die hoof van die huishouding en gade is R454 per maand. Die gemiddelde huishoudingsinkomste is R528 per maand. Die studie het ook gevind dat daar gemiddeld 'n spaarvermoë van slegs R74 per maand per huishouding is wat beteken dat fondse vir opgradering of verbetering in behuising en lewensomstandighede uiters beperk is.

4.4 Behoeftes en voorkeure van informele bewoners.

- (a) Op 'n vraag watter drie gemeenskapsfasilitiete in hul nedersetting die nodigste is, is 'n gesondheidskliniek (82 %), 'n kerk (78 %) en 'n crèche (64 %) aangedui.
- (b) Meer as die helfte (53 %) van die huishoudings het geen toegang tot enige rioolverwyderingsgeriewe nie.
- (c) Verder het die studie getoon dat *lopende water* in die huis die grootste siviele diensbehoefte (uitgesonderd riolering) is. Die keuse was soos volg:
- Lopende water in die huis (54 %)
 - Elektrisiteite in die huis (26 %)

- Groot genoeg erf om aan te bou (18 %)
 - Straatbeligting (2 %)
- (d) Die inwoners van informele nedersettings het meesal baie moeite gedoen om hul eie woonplek aantreklik en aangenaam te maak binne die beperkings waaraan hulle blootgestel is. Buitestaanders behoort dus nie 'n informele nedersetting bloot op grond van eksterne voorkoms te beoordeel nie, maar op grond van die vele maniere waarop informele families aanvaarbare interne omgewings genereer.
- (e) Die informele bewoners het baie lae verwagtings ten opsigte van kwessies soos status, gemak en outonomie. Buiten die vanselfsprekende gevolgtrekking dat informele bewoners baie weinig gemak en outonomie geniet, blyk dit dat die mense hul status in die gemeenskap as baie laag sien.

4.5 *Opsommings*

Aangeheg as **AANHANGSEL 3** is 'n direkte uittreksel uit genoemde dokument waarin die belangrikste kwessies opsommend bespreek word.

5. ANALISE VAN DIE OPSET IN KAYA MANDI

Bron: Kaya Mandi Development Plan : Final Motivation Report, Macroplan, Oktober 1992

5.1 *Bevolkingsgrootte*

Tabel 1 dui die werklike bevolkingsgrootte (1989) asook die benaderde geprojekteerde bevolkingsgroottes, soos deur Macroplan bepaal, aan.

TABEL 1: BEVOLKING

JAAR	WERKLICKE	GEPROJEKTEERDE	
		1993	2010
BEVOLKING	6 500	8 000	11 700

Die natuurlike aanwas van die bevolking word buitengewoon laag op 1,5 % per jaar gestel weens die aanvaarde beleid van beperkte groei vir Stellenbosch. Hierteenoor word die verstedelikingstempo (na Kaapstad) op 2,4 % per jaar deur die Sentrale Statistiekdiens bereken. Laasgenoemde syfer is ook in ag geneem by die berekening van die verwagte bevolking in die jaar 2010.

Tabel 2 toon die verwagte bevolkingsgroei aan soos deur Macoplan geraam. Van belang is die onderskeid wat getref word tussen persone wat in 'n familieverband staan teenoor hostelbewoners.

TABEL 2: BEVOLKINGSPROJEKSIE

JAAR	BEVOLKING BINNE GESINSVERBAND	HOSTEL-BEWONERS*	KUMULATIEWE BEVOLKING
1992	6 121	1 659	7 780
1993	6 399	1 567	7 966
1994	6 681	1 475	8 156
1995	6 968	1 383	8 351
1996	7 260	1 291	8 551
1997	7 555	1 199	8 754
1998	7 791	1 107	8 898
1999	8 095	1 015	9 110
2000	8 403	923	9 325
2005	10 015	463	10 478
2010	11 751	3	11 754

* Hostelbewoners neem met 92 per jaar af en word dus bygereken by die bevolking binne gesinsverband.

5.2 Vestiging van bestaande bevolking

Die bevolking van Kaya Mandi word tans gehuisves in enkelwooneenhede, hostelle en informele strukture. Tabel 3 toon die verhouding van die bevolking tot die behuising komponent aan soos in 1989 bepaal is.

TABEL 3: VERHOUDING TUSSEN BEVOLKING EN BEHUIZING : 1989

BEHUIZINGSTIPE	BEVOLKING	PERSENTASIE
ENKELBEWONING	1 151	18 %
HOSTELLE	4 786	73 %
INFORMEEL	587	9 %
TOTAAL	6 524	100 %

Alhoewel die bevolking tussen 1989 en 1992 met slegs 1256 mense toegeneem het, verteenwoordig dit ten opsigte van Kaya Mandi 'n jaarlikse groeikoers van 6,04 %. Verder is dit ook insigwend hoe aansienlik die verdeling van die bevolking tussen die drie behuisingstypes in dié tydperk verander het (Tabel 4).

TABEL 4 VERHOUDING TUSSEN BEVOLKING EN BEHUIZING: 1992

BEHUIZINGSTIPE	BEVOLKING	PERSENTASIE
ENKELBEWONING	1 236	16 %
HOSTELLE	2 812	36 %
INFORMEEL	3 732	48 %
TOTAAL	7 780	100 %

5.3 Oorbewoning

Die verhouding tussen gesinsgrootte en huishoudingsgrootte gee 'n aanduiding van daar oorbewoning voorkom al dan nie. Tabel 5 weerspieël die situasie soos dit in 1989 bestaan uit.

TABEL 5: HUISHOUDEINGS- EN GESINSGROOTTE : 1989

BEHUISINGSTIPE	HUISHOUDEINGSGROOTTE	GESINSGROOTTE
ENKELWOON	7,8	5,5
HOSTELLE	3,3	3,3
INFORMEEL	7,0	5,0

5.4 Beskikbaarheid van reeds gediens en beplande erwe

Die beskikbaarheid van erwe word gekompliseer deur die feit dat die totale aantal erwe in 'n sekere gebied weergegee word alhoewel die grond reeds toegeken van bewoon is. Streg gesproke is sodanige grond dus nie "beskikbaar" nie, maar word dit wel aangegee as deel van die totale voorraad.

Tabel 6 toon die aantal erwe in Kaya Mandi aan en tref onderskeid tussen die ligging, gediens of ongediens en bewoningstatus.

TABEL 6: BESKIKBAARHEID VAN ERWE

LIGGING	ERWE	DIENSTE	BEWONING	BESKIKBAAR
Bestaande Enkelwoon	302	gediens	bewoon	0
18,5 ha (fase 1)	195	gediens	onbewoon	195
1,9 ha	70	gediens	bewoon	0
Monde Crescent	20	gediens	bewoon	0
TOTAAL	587	-	-	195

Grond wat reeds vir ontwikkeling identifiseer is en eersdaags gediens sal word, word in tabel 7 aangevoer.

TABEL 7: BESKIKBARE ERWE (TOEKOMSTIG)



LIGGING	ERWE	DIENSTE	BEWONING	BESKIKBAAR
18,5 ha (fase 2)	242	on- gediens	onbewoon	242
Monde Cresent	76	on- gediens	bewoon	0
TOTAAL	318	-	-	242

5.5 Vraag na erwe

Die Struktuurplankonsultante neem aan dat die ideaal sal wees om die totale bevolking van Kaya Mandi in enkelwonings te vestig. In die praktyk sal ernstig besin moet word of dit wel haalbaar is. Indien 'n gedeelte wel in een of ander vorm van hoër digtheid behuising gehuisves sal word, sal die onderstaande berekenings aangepas moet word.

Die huidige vraag na erwe word deur Macroplan bepaal deur te bereken hoeveel gesinne uit hostelle en informele strukture hervestig sal moet word. Tydens die opstel van die struktuurplan was daar 751 informele strukture en 355 gesinne in hostelle - 'n totaal van 1106 erwe benodig.

Intussen het 225 informele strukture afgebrand wat 526 strukture oorgelaat het. Van die 225 huishoudings het 115 op die reeds gedienste 1,9 ha grond hervestig en die res in agterphase. Volgens die Stadsraad van Kaya Mandi is die afgebrande gedeelte egter weer beset en het die oorblywende 526 strukture tans aangegroei tot sowat 1400. Dit dui op 'n aansienlike groei in die informele bevolking en beïnvloed tot 'n groot mate die syfers wat deur Macroplan geraam is.

Nie alleen het die vraag na erwe dus toegeneem nie, maar het die aanbod van erwe afgeneem. So byvoorbeeld is die vroeër-beskikbare 70 erwe van die gedienste 1,9 ha intussen heronderverdeel en toegeken aan 115 gesinne wat reeds hier woon. Die 195 erwe van die eerste fase van die 18,5 ha is ook toegeken en 5 huise is reeds opgerig. Slegs 15 van die persone aan wie dit toegeken is kan egter finansiering kry om huise te bou. Alhoewel hierdie 195 erwe reeds toegeken is, is dit toegeken aan inwoners van Kaya Mandi en kan die erwe steeds vir berekeningsdoeleindes as "beskikbaar" gesien word.

Die huidige tekort aan erwe kan uit die vraag na en aanbod van erwe bepaal word.

$$\text{Vraag} : 1750 \quad (1400 + 350)$$

$$\text{Aanbod} : 437 \quad (195 + 242)$$

$$\text{Tekort} : 1313$$

Daar moet dus onmiddellik 1313 erwe voorsien word om die huidige probleem die hoof te bied. Wanneer normale bevolkingsgroei bygereken word moet selfs nog meer grond voorsien word soos uit Tabel 8 blyk.

TABEL 8: GROND BENODIG TOT 2010

VRAAG	JAAR			
	1993	1995	2000	2010
Bevolking (Gesinsverband)	6121	6968	8403	11 851
Behuising	1313	1500	1818	2 562
Grond @ 22 eenhede/ha	60 ha	68 ha	83 ha	116 ha

Bogenoemde tabel is gebaseer op Macroplan se aanvaarde bevolkingsgroei wat afhanglik is van die beleid van beperkte groei. Indien die tendens wat sedert die struktuurplan se bekendmaking in Oktober 1992 tot op hede egter in ag geneem word, kan met sekerheid voorspel word dat die bevolkingsgroei (natuurlik en immigrasie) heelwat hoër sal wees. Gevolglik sal heelwat meer grond as die wat Macroplan in die vooruitsig stel, benodig word.

5.6 Beskikbaarheid van grond

Dit is duidelik uit bogenoemde tabel dat daar nou reeds 'n ernstige tekort aan grond vir woonuitbreiding bestaan.

Die Struktuurplankonsultante het die volgende grond vir dorpsontwikkeling identifiseer:

TABEL 9: GEIDENTIFISEERDE GROND VIR DORPSONTWIKKELING

GROND	EIENAAR	OPPERVLAKTE (HA)
Plaas 182/2	L Costa	5,1
Plaas 182/3	L Costa	1,4
Plaas 183/37	WS Smit	0,9
Plaas 81/8	WS Smit	0,9
Plaas 183/12	WS Smit	0,1
Plaas 183/5	WS Smit	3,1
Plaas 183/1	WS Smit	0,1
TOTAAL		11,5 HA

'n Digtheid van 20 eenhede per ha vir bogenoemde 11,5 ha word voorgestel. In die praktyk word ongeveer 60 % van die bruto oppervlakte wel vir erwe aangewend terwyl die orige 40 % vir paaie, sportveld en sovoorts benut word. Hoe hoër die digtheid raak, hoe meer grond word vir paaie en ander nie-residensiële gebruik ingeneem. Tabel 9 duis die verhouding van digtheid ten opsigte van aantal erwe asook die erfgroottes aan. In alle gevalle word die bruto-oppervlakte as 11,5 ha geneem.

TABEL 10: DIGTHEID VAN ONTWIKKELING

DIGTHEID	AANTAL ERWE	NETTO OPPERVLAKTE (60 %)	ERF-GROOTTES
20/HA	230	6,9 HA	300 m ²
25/HA	290	6,9 HA	240 m ²
30/HA	345	6,9 HA	200 m ²

Teen Macroplan se digtheid van 20 eenhede per hektaar kan 'n totaal van 230 erwe voorsien word. Daar moet egter ernstig besin word oor 'n hoër digtheid vir toekomstige woonontwikkelings.

Indien bogenoemde 11,5 ha ontwikkel word sal daar steeds 'n tekort van by die 1000 erwe bestaan om aan die 1993 vereiste te voldoen. Dit is dus duidelik dat nog bykomende grond gevind sal moet word, óf aangrensend aan Kayamandi óf elders.

5.7 Gevolgtrekking

Die Struktuurplan van Kaya Mandi bring die volgende apsekte sterk na vore:

- (a) bepaling van groeikoers;
- (b) beskikbaarheid van grond;
- (c) behuisingsdigtheid/-tipe; en
- (d) finansiering

5.7.1 Groeikoers

Die voorafgaande opname en analyse lig die dilemma van die Beplanner duidelik toe. Ten einde ontwikkeling vooruit te beplan moet 'n scenario ten opsigte van toekomstige bevolkingsgroottes aanvaar word. Weens talle eksterne faktore wat groeikoerse kan beïnvloed is dit soms baie moeilik om 'n geloofwaardige scenario te skets.

In die geval van die beplanning van Kaya Mandi, het die konsultant sy berekeninge gedoen met in agneming van die beginsel van beperkte groei. Die werklikheid het daarinteen bewys dat sodanige scenario te simplisties is en nie sonder drastiese gevolge toegepas kan word nie. Die RGN is van mening dat 'n beperking op die fisies vrystelling van grond ten opsigte van enige gemeenskap slegs verdigtig en oorbewoning tot gevolg het en die werklike probleem tydelik uitstel. Dit is baie duidelik dat beperkings wat in die verlede op die vrystelling van grond ten opsigte vanveral Swartes geplaas is (deur instromingsbeheerraatreëls), tot 'n groot mate verantwoordelik is vir die opgehoede tekorte waarmee owerhede tans gekonfronteer word.

In die praktyk kom dit daarop neer dat, sou beperkte groei nou op Kaya Mandi toegepas word, die owerhede weer oor 5 of 10 jaar met 'n soortgelyke probleem gaan sit.

Dit is dus van deurslaggewende belang dat 'n realistiese groeikoers aanvaar word. Sodanige groeikoers kan slegs by wyse van deeglike navorsing en met die volle samewerking van die gemeenskap bepaal word. Dit is ook hoogs te betwyfel of bevolkingsprojeksies vir die volle beplanningsperiode gedoen kan word in die afwesigheid van basiese inligting.

5.7.2 *Ontwikkeling versus bewaring*

Die Struktuurplan van Kaya Mandi onderstreep die feit dat daar 'n wenselike tekort aan grond bestaan. Die tekort word net vererger of verminder deur 'n manipulering van die groeikoers.

Weens Stellenbosch se landelike karakter sal dit nie wenslik wees om grond ongekontroleerd aan te wend vir dorpsontwikkeling nie. Kaya Mandi het beperkte uitbreidingsgebiede en in die meeste gevalle moet dorpsontwikkeling opgeweeg word teen die kwaliteit en verbeteringe van die grond wat dit beoog word om te beslaan.

Alternatiewe grond sal dringend identifiseer moet word. Sodanige proses van grondidentifisering sal deeglik nagevors moet word in samewerking met die gemeenskap. 'n Breër gebied as net Stellenbosch moet ondersoek word. Hier word onder meer verwys na Webersvallei, Pniel, Kylemore, Koelenhof en Klapmuts, alhoewel hierdie gebiede waarskynlik slegs die *langtermyn behoeftie* sal aanspreek aangesien dit ver van werksgleenthede is.

5.7.3 *Behuisung*

Behuisung as onderwerp het verskillende aspekte wat aangespreek moet word. Hier word veral verwys na behuisingsstipe, behuisingsdigtheid en behuisingsbeleid.

Alternatiewe behuisingsstipes moet ondersoek word ten einde 'n middeweg te vind tussen bekostigbaarheid en kwalitet. Talle voorbeeld van behuisingsstipes bestaan reeds en verg verdere aandag. Die mening van die gemeenskap ten opsigte van behuisingsstipes moet deeglik in ag geneem word aangesien sekere vooroordele en wanopvatting algemeen voorkom. Die moontlikheid om 'n perseel te ontwikkel met 'n verskeidenheid behuisingsstipes om as voorbeeld te dien moet verder ondersoek word.

Soos aangetoon in Tabel 10 het 'n verandering van digtheid verrykende gevolge. Nie alleen word meer erwe beskikbaar gestel nie, maar word die geleentheid geskep om deur innoverende denke alternatiewe behuisingsstipes te ondersoek.

5.7.4 *Finansiering*

Die ekonomiese toestand van die gemeenskap is meestal bepalend van die kwaliteit van behuisung. Slegs 15 uit die 195 "grondbesitters" in Kaya Mandi se nuutste uitbreiding kan finansiering bekostig. Die onbekostigbaarheid van finansiering plaas huiseienaarskap buite die bereik van die breër gemeenskap.

Ten einde hierdie probleem aan te spreek moet óf behuising goedkoper voorsien word óf die inkomste van die gemeenskap verhoog word. Volgens Macroplan is die gemiddelde maandelikse inkomste per gesin die volgende (1989):

Enkelwonings : R1125/maand

Informeel : R647/maand

Hostelle : R461/maand

Behuisung kan slegs goedkoper voorsien word deur alternatiewe tipes behuising daar te stel of deur subsidiëring. Hierteenoor kan inkomste verhoog word deur skepping van werksgleenthede.

Dit is dus duidelik dat intense gemeenskapsbetrokkenheid, deeglike navorsing oor 'n breë terrein en innoverende denke 'n voorvereiste is vir die suksesvolle beplanning van Kaya Mandi.

6. GROND BESKIKBAAR IN EN OM STELLENBOSCH

Die uitbreiding van Stellenbosch dorpsgebied word tot 'n groot mate beperk deur topografie (byvoorbeeld berge), natuurlike plantegroei (byvoorbeeld fynbos) en vrugbare landbougrond (wingerde en aarbeilanderye). Hierdie beperkende faktore het 'n invloed op die bekostigbaarheid en wenslikheid van dorpsontwikkeling.

Die doel van hierdie hoofstuk is om die grond wat tans beskikbaar is in en buite Stellenbosch te evalueren en deur middel van eliminasie 'n aanduiding te probeer kry van die grond wat tans moontlik vir woonontwikkeling benut kan word. Hierdie studie is gebaseer op 'n projek van Macroplan waarin alle vakante grond, ingesluit Municipale huurgronde, publieke oopruimtes, staatsgrond en privaat landbougrond in en om Stellenbosch Municipale gebied, geïdentifiseer is.

6.1 Die evaluering van grond

Die kaarte waarna in hierdie afdeling verwys word, sal *ter tafel* gelê word. Binne die ontwikkelde Stellenbosse dorpsgebied is daar baie min vakante grond behalwe publieke oopruimtes (sien Kaart 1) en privaat onbeboude erwe. Die grootste waarskynlikheid vir die vind van geskikte grond vir laekoste behuising wat aan die nodige vereistes voldoen, was dus geleë buite die bestaande ontwikkelde dorpsgebied.

Alle staats-, municipale en privaatgrond wat binne en buite die municipale gebied geleë is, is geïdentifiseer (Kaart 1 en 2) en weergegee in Tabel 11.

TABEL 11: MUNISIPALE EN STAATSGROND

KAART NR	PLAAS NR(S)	PLAASNAAM	GEBRUIK	OPPV
1	165/1 165/1A 169/1 170 171	IDASVALLEI PROPER SCHOONGEZICHT LITTLE WEDGE GLEN ALPINE GLENCOE	PLANTASIE SAAILANDE WINGERD	390
6	3363	MUNISIPALE KWEKERY	KWEKERY PLANTASIE	67
18	181 EN 183		WINGERD	66
24	279A		BOORD	9,40
25	279D		ONBENUT	5
32	368		SAAILANDE	91
33	376		GOLFBAAN	71
34	377A - F	VREDENBURG/ VLOTTENBURG	WINGERD	9,42
36	376B, D, J, H	BLAAUWKLIPPEN	WINGERD	16,27
	369G	BLAAUWKLIPPEN		27
38	369C, P	CHRISTIAN BROS VALLEY LUSTRE		3,50
	366	KWV		62
92	183/17	PLANTKWARENTYN (STAATSGROND)	LANDBOU AKTIWITEITE	38 89
TOTAAL				865 ha

Die meeste munisipale en staatsgrond, asook privaatgrond word vir landboudoeleindes aangewend, veral vir wingerd. Daar is met behulp van die 1987 lugfoto's en ter plaatse besoekte terreine geïdentifiseer wat tans onbenut lê. Hierdie terreine word weergegee in Tabel 12.

TABEL 12: GROND WAT NIE VIR LANDBOUDOELEINDES GEBRUIK WORD NIE.

KAART NR.	LIGGING	EIENDOM	OPPV	AFSTAND ¹⁾	BESKRYWING
1*	PL 165/1 165/1A ERF 7271	MUNISIPALITEIT MUNISIPALITEIT MUNISIPALITEIT	10 2	4+ 4+	GARDEN CITIES ONBE-NUT
14	ERF 7255 6948, EN 6943	MUNISIPALITEIT	4	4+	"
26	PL 279D		5	4+	"
43A	PL 283	PRIVAAT	9	4+	2)
93	PL 175/3	PRIVAAT	3	1,5	ONBE-NUT
94	PL 272	PRIVAAT	2	4+	ONBE-NUT
95	PL 167/1	PRIVAAT	6	4+	ONBE-NUT + PLHUIS
96	PL 1075/ 2	PRIVAAT	9	4	ONBE-NUT
TOTAAL			50		

1) Afstand in kilometer vanaf Middedorp (Markplein)

2) Plaashuise, maar geen lande (moontlik Nasionale Gedenkwaardigheid)

*Dit het geblyk dat 'n gedeelte van plaas 165/1A aan Garden Cities verkoop is. Tans is dit egter nog nie ontwikkel nie.

Hierdie geïdentifiseerde grond beslaan 'n totale oppervlak van \pm 50 ha. Van 'n totale aantal staats- en munisipale grond kan dus 21 ha nou as onbenut aangetoon word, wat ongeveer 3 % van die totale hoeveelheid munisipale en staatsgrond is. Die terreine is tussen 1,5 en 4 km vanaf die sentrale dorp geleë.

Daar moet egter beseef word dat die wyse waarop hierdie grond geïdentifiseer is, net gegrond is op die feit dat dit tans nie vir landboudoeleindes gebruik word nie. Verdere detailaspekte met betrekking tot hierdie grond moet nog ondersoek word, en daar moet ook bepaal word tot watter mate dit aan die vereistes vir laekoste behuising voldoen, indien enigsins.

Hierdie geïdentifiseerde grond kan egter as uitgangspunt vir verdere besprekings gebruik word. Dit is belangrik dat die behoeftes van die publiek in ag geneem sal word.

Bo en behalwe die grond in Tabel 11 is daar ten suide van die dorp 'n totale oppervlak van 1133 ha munisipale huurgrende. Hierdie grond word op 'n 50 jaar huurtermyn aan privaat persone verhuur. Daar is 'n insetkoste van sowat R1,5 miljoen op hierdie grond bestee ten opsigte van besproeiingskemas.

Behalwe die geïdentifiseerde onbenutte grond in Tabel 12 is daar ook ander munisipale grond in Tabel 11 wat oor tydperke van 10 tot 20 jaar beskikbaar sal kom, byvoorbeeld plaas 181/183 ten weste en noorde van Kaya Mandi.

